

6 April

Psalm 23:1-3 en Matteus 6:31-33

Die Here is my Herder - Hy versorg my só dat ek niks kortkom nie

As Herder staan die Almagtige God in 'n persoonlike verhouding met sy kudde, die gelowiges. Hy ken elkeen by die naam. Hy roep en lei. Hy versorg. Sodanig is sy versorging dat elkeen van sy kudde kan bely: ek kom niks kort nie. In Psalm 23 word die versorging deur die herderdigter in herderstaal uiteengesit. Die Herder lei sy kudde na waar daar groen weiding is, dit wil sê weiding wat vir hulle die beste is. Hy lei hulle na water waar hulle rustig, buite gevaar kan suip. In hierdie beeldspraak word die versorgende liefde van God beskryf. Vir sy kinders sorg Hy op so 'n wyse dat vir hulle alles ten goede meewerk (Rom. 8:28). In Matteus 6 gee ons Here Jesus die versekering dat ons Vader ons nood ken en ons daarvolgens versorg. Daarom is dit vir gelowiges nie gepas om 'n lewe vol van kommer te hê nie. Ons sorg en nood moet ons in die hande van ons versorgende Herder plaas. Ons behoort ons vir God se koninkryk te beywer met die wete: God versorg ons. Hierdie Skrifopenbaring vind neerslag in ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus Sondag 10 oor die voorsienigheid van God. Omdat Hy ons Herder is wat ons so versorg dat ons niks kortkom nie, vertrou ons voluit op Hom.

Sing: Skrifberyming 17:1, 6

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)